
Rm 5:2b: 'N CHRISTEN SE TROTS

E204

Rm 5:2b : En ons verheug ons ook in die hoop op die heerlijkheid wat God vir ons bestem het.

In die eerste twee verse van hoofstuk 5 noem Paulus 3 gevolge van regverdiging. Die gedeelte begin: "Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is ..." (5:1). Hierdie dinge is waar van almal wat deur die geloof geregverdig is - ons is met God versoen; ons leef in die sfeer van God se genade; en ons roem in die hoop op die heerlijkheid van God (OAV).

Ons het reeds na die eerste twee van hierdie gevolge gekyk - nou die derde.

ONS TEKS NADER BEKYK

"Verheug"

Die OAV se vertaling van hierdie Griekse werkwoord is beter: "roem". Dit dui nie net op blydskap nie, daar is ook 'n sterk element van *trots* in. Dit kom algemeen in die Nuwe Testament voor. Een woordeboek sê: "It means a triumphant, rejoicing confidence in God" (Rienecker/Rogers).

Opgesom: Paulus se woordkeuse wil dus vir ons sê dat ons hier iets het wat sentraal is in die geregverdigde se geloof. Vir hom is dit allermens 'n sekondêre saak; hy voel ononderhandelbaar sterk daarvoor. Dis soos 'n ouer se trots in sy kind.

Martyn Lloyd-Jones wys daarop dat hierdie uitspraak van die apostel vir ons 'n besondere kykie gee in sy persoonlikheid en geloofsbelewinge. Paulus was 'n man van sterk oortuigings. Voordat hy 'n Christen geword het, was hy 'n yweraar vir die Joodse geloof en het hy in sy wetsonderhouding geroem. Sedert sy bekering het hy egter geen behae meer gehad in uiterlike dinge nie, maar was daar net één fokuspunt vir sy hartstogte: hy het hom

in Christus Jesus "beroem" (Fl 3:3). En in ons teks sien ons 'n baie belangrike aspek daarvan.

Dit gaan egter oor meer as sy temperament. Elkeen met 'n herskepte hart en 'n insig in sy erfenis in Christus, sal lewenslank iets hiervan ervaar.

"Hoop"

Dit verg nie groot insig om te sien dat die wêreld siek is aan sinneloosheid nie. Daarenteen is die Christelike hoop een van die drie pilare van ons geloof - saam met geloof en liefde (1Kor 13:13; 1Ts 1:3). Dit is dus 'n begrip wat in die hart lê van ons oortuigings en beleving - en is die boodskap wat ons in hierdie wêreld kan en moet uitdra.

Die Christelike hoop is nie iets onsekere nie - soos ons hoop oor môre se weer nie. Allermens is dit 'n benoude vashou aan die moontlikheid dat God se beloftes dalk waar is. Nee, dit is *die sekere wete en opgewonde afwagting waarmee ons uitsien na die vervulling van God se beloftes in Christus*.

Ons hoop is veranker in *Christus* - dat Hy as Hoof van God se nuwe skepping reeds die losprys vir ons verlossing volkome betaal het en die oorwinning oor ons vyande finaal behaal het. In Sy persoonlike, historiese en liggaamlike opstanding lê die waarborg van óns opstanding. In Sy gawe van die Heilige Gees het ons reeds die eerste deposito van ons erfenis ontvang. Waarlik, Jesus Christus is die ja en amen van God se beloftes (2Kor 1:19-20).

Dit is nodig om te beklemtoon dat daar net hoop in Christus is. En met Hom word 'n sondaar net deur 'n ware geloof verenig. Ons praat immers hier van die vrugte van regverdiging. Vir diegene buite Christus is daar helaas net 'n "verskriklike verwagting oor van oordeel en 'n gloeiende vuur wat die teenstanders van God sal verteer"(Hb 10:27).

"Die heerlijkheid van God"

☐ Waarna sien die geregverdigde uit? Wat is die inhoud van sy hoop? "Die heerlijkheid van God"! Hierdie uitdrukking kan op twee maniere verstaan word. Dit dui óf op die heerlijkheid wat eie is aan God, óf op die heerlijkheid wat ons sal beleef

wanneer ons verlossing vervolmaak is. Die OAV vertaal letterlik en die NAV aanvaar laasgenoemde, wat waarskynlik reg is. Maar dit staan nie in soveel woorde in Grieks nie. Beide vertolkings is natuurlik Bybels, en dalk het die apostel bedoel dat ons altwee hier sal verstaan. Kom ons kyk dan na beide.

Ons Drie-enige God is 'n God van heerlijkheid.

In die Ou Testament is God se heerlijkheid meermale gesien - in die tabenakel en tempel, asook deur Moses en van die profete. Op die berg van verheerliking het Petrus, Jakobus en Johannes iets van Christus se heerlijkheid gesien (Mt 17:2). Natuurlik het al die apostels die Here Jesus ná Sy opstanding gesien, maar ons moet aanvaar dat Sy heerlijkheid grootliks gedemp was, sodat hulle dit kon hanteer. Vergelyk dit byvoorbeeld met wat Johannes op Patmos en Paulus op die Damaskuspad ervaar het (Op 1; Hd 9:3-4).

Ongeag hoe gedemp en voorlopig hierdie ervarings ook al was, die apostels kon dit nooit vergeet nie. En dit het 'n intense verlange in hulle laat ontstaan na die dag wanneer hulle die Here sal sien "soos Hy werklik is" (1Jh 3:2). Luister hoe stel Petrus dit in 2Pt 1:16-19: "Toe ons aan julle die krag van ons Here Jesus Christus en sy wederkoms bekend gemaak het, het ons ons nie op versinsels of legendes verlaat nie. Nee, met ons eie oë *het ons Hom in al sy majesteit gesien*. Hy het van God die Vader eer en heerlijkheid ontvang toe die Allerhoogste Majesteit gesê het: 'Dit is my geliefde Seun oor wie Ek My verheug.' Die stem uit die hemel het ons self gehoor toe ons saam met Hom op die heilige berg was. En dit het vir ons die boodskap van die profete nog meer bevestig. *Hierdie boodskap is soos 'n lamp wat in 'n donker plek skyn. Julle sal goed doen as julle in sy lig bly totdat die dag aanbreek en die môrester opkom in julle harte.*"

Ja, vorentoe gaan ons oneindig meer sien en verstaan as nou. O, met hoeveel verwondering kan ons nie identifiseer nie met Paulus as hy sê dat ons uitsien "na die gelukkige dag wat ons verwag. Op daardie dag sal die heerlijkheid van ons grote God

en Verlosser, Jesus Christus, verskyn" (Tit 2:13).

In die eerste instansie sien ons uit na die wederkoms van ons Here Jesus Christus, omdat ons Sý heerlikheid gaan sien - en self ook verheerlik gaan word.

Let op, ons gaan nie maar net 'n tweederangse heerlikheid ontvang nie, ons gaan gelykvormig wees aan Christus - ons gaan "deel hê aan Sy heerlikheid" (Rm 8:17). Wanneer Hy verskyn gaan ons "saam met Hom verskyn en in Sy heerlikheid deel" (Kol 3:4). Johannes stel dit so: "Geliefdes, ons is nou reeds kinders van God. Dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie, maar ons weet dat, wanneer Jesus kom, ons soos Hy sal wees. Ons sal Hom sien soos Hy werklik is" (1Jh 3:2).

Nooit mag ons vergeet nie: ons verheerliking is nie 'n doel op sigself nie. Hy kom "om verheerlik te word in Sy heiliges ..." (2Ts 1:10, OAV).

ONS TEKS OPGESOM

Omdat ons deur die geloof alleen in Christus geregverdig is, en dus met God versoen is en vir tyd en ewigheid in die sfeer van Sy genade leef, speel die triomfantelike en sekere afwagting op ons verheerliking - wanneer ons die Here se heerlikheid sal sien en vir ewig soos Hy sal word - 'n beheersende rol in ons geloof en lewens. Hierdie hoop, hierdie gewisse verwagting, dring ons om steeds in die soms uiters moeilike geloofswedloop van hierdie lewe ons koppe hoog te hou en met vaste tred en blymoedige harte vooruit te beur. God het 'n werk in ons begin en Hy sal gewis ons herskepping in Christus tot finale vervolmaking voer.

ENKELE PRAKTIESE IMPLIKASIES

1. Outentieke Christenskap word altyd en lewenslank in die lig van die ewigheid geleef.

Dit mag vir die meeste van ons as vanselfsprekend klink. Waarvan ons praat is immers 'n vrug van regverdiging! Maar tog is dit tragies hoeveel prediking vandag bloot moralisties is, en hoeveel

Christelike lewens niks verder kom as filantropie nie.

Natuurlik leer die Skrif oor en oor dat geloof wat nie in 'n lewe van selfverloërende naasteliefde uitmond nie, allermens eg is. En ons moet dit ernstig opneem. Maar eweneens, en dit sal enigeen weet wat die Nuwe Testament onbevange deurlees, het God se Woord 'n sterk gerigtheid op die hiernamaals en die tydelike aard van hierdie lewe en wêreld. 'n Fyn balans moet dus hier gehandhaaf word.

Baie wat vandag opgedis word as Christenskap is niks anders nie as rou humanisme. En as sodanig is dit 'n gruwelike verloëning van die hart van God se raadsplan in Christus. Dit is nie 'n evangelie wat tot die redding van sondaars lei nie (en enige ware Christen wat die lewensveranderende realiteite van wedergeboorte proefondervindelik ken, kan dit maklik sien). Dit verstaan bloedweinig van wat Christus kom doen het; dit is hemelskeiende misleiding. As Bybelgelowiges is dit vir ons onmoontlik om hierdie soort "christenskap" as enigins eg te aanvaar.

Laat niemand jou vertel dat so 'n beoordeling wêreldmydend, eng en fundamentalisties is nie. 'n Eenvoudige deurlees van die Nuwe Testament sal weer en weer bevestig dat 'n ewigheidsgerigtheid onontkombaar aan die hart lê van alle dissipelskap. Jesus het dit sonder ophou geleer en in gelykenis na gelykenis onderstreep. En Sy apostels het dit op dosyne maniere op amper elke bladsy van hulle briewe beklemtoon.

Nee, terwyl ons die liefde van Jesus elke dag aan een en elkeen moet bedien, terwyl geen menslike behoefte ooit vir ons te gering of te tydelik is nie, is en bly ons vreemdelinge en bywoners in hierdie wêreld - pelgrims op pad na ons verheerlikte bestemming in die ewige hiernamaals.

2. Ware Christenskap is progressief en vooruitgerig.

Altyd moet ons respek en liefde vir die geskiedenis hê, veral die kerkgeskiedenis. En ons weet dat die kerk wat die lesse van die verlede ignoreer, gedoem is om in die slaggate van die vadere te val. Maar essensiëel is die Christelike geloof toekomsgerig.

Soos alle atlete beur ons tree vir tree vooruit, wenpaal toe. Gister laat ons harte warm klop, maar niks maak ons meer opgewonde as môre nie.

Té dikwels skep die kerk die idee dat hy outyds en verkramp is. Natuurlik het ons eeue-oue ononderhandelbare morele waardes, natuurlik draf ons nie saam met hierdie wêreld se gefassineerdheid met alles wat nuut is nie. Maar al mag ons soms vir begriplose mense lyk of ons myle agter die tyd is, is ons in werlikheid ons tyd ver vooruit - want in beginsel is ons reeds herskep vir die nuwe aarde. Meer male lê ons dilemma en vreemdelingskap in hierdie wêreld presies net hier: *ons is te laat vir die ou wêreld en te vroeg vir die nuwe!*

Ja, ons is nie ruggraatlose skuimbolle wat saam met elke nuwe stroming dryf nie. Die ankerpenne van ons eerste beginsels is diep en onbeweeglik ingedryf. Maar wat nie-absolutes betref (en 'n groot deel van die lewe het daarmee te doen), kan ons min of meer by enigiets aanpas. Dit is trouens een van die kenmerke van Christelike volwassenheid dat jy kan onderskei tussen absolutes en nie-absolutes.

Niemand op aarde behoort meer onbedreigd en opgewonde te wees oor wat die toekoms gaan bring as ware Christene nie. Hoe op aarde kan ons bang wees oor die toekoms as die soewereine God van hemel en aarde, wat selfs die dood van 'n voëltjie in Sy raadsplan vasgelê het, ons almagtige verbondsgod en liefdevolle Vader is? En elke dag bring ons nader aan ons heerlikmaking. En voor die tyd is ons nie net getuies van koninkryksoorwinning na koninkryksoorwinning nie; ons is persoonlik as die Here se medewerkers daarby betrokke. Hier lê ware avontuur! Maar nog meer: ook lewensin en ewigheidsbetekenis!

Ons moet ophou met ons kermry en klaery oor die nuwe Suid-Afrika. Dit pas nie by ons nie!

Ja, in sommige owerheidssektore gaan dit haglik. Ja, geweld en misdaad skrei ten hemele. Maar Afrika was nog nooit 'n plek vir sissies nie. En hier het die Here ons in Sy alwysheid geplaas - om Sy raadsplan in 'n tyd soos hierdie te dien. Wat sê mens vir 'n sendeling wat heeldag loop en mor oor

die hitte en die stof en die ontberinge. Jy sê vir hom, gaan huis toe man, sodat jy in mamma se voorskootsak kan groot word.

Kom, herinner jouself elke oggend daaraan dat jy een van Koning Jesus se valskermtroepe is wat agter vyandelike linies neergelaat is om daar vir Sy koninkryk te veg. Dit was nog altyd waar van alle Christene.

Terwyl niks vreemder is aan ware Christenskap nie as daardie trots wat die teenpool van nederigheid is, is daar 'n ander soort trots wat ons borskaste dag na dag moet laat swel. Ons is kinders van die lewende God! Ja, ons leef nog in gebrokenheid. Ons verkeer nog in 'n vernederde staat. Male sonder tal misluk ons in ons hoë en verhewe roeping. Maar eersdaags word ons, weereens in navolging van Hom, verhef tot koninklike glorie. Laat ons onthou wie ons is, en ons dienoreenkomstig in hierdie wêreld gedra.

3. Les bes, ons salige hoop is onlosmaaklik verbonde aan ons innige en organiese lewenseenheid met Jesus Christus.

Deur die geloof – daardie geloof waardeur mens geregverdig word – is ons met Jesus Christus verenig. En omdat ons met Hom verenig is, moet ook óns uiteindelik verheerlik word, want Hy is verheerlik. Sy opstanding is die prototipe van ons opstanding. Johannes sê uitdruklik dat ons Hom sal sien soos Hy is wanneer Hy terugkom, *en dat ons dan soos Hy sal word* (1Jh 3:2).

Paulus stel dit so in 1Kor 15:20: "Maar nou, Christus is opgewek uit die dode; Hy het *die eersteling* geword van die wat ontslaap het" (OAV).

Rm 8:16-17 is ook betekenisvol: "Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is. En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename. Ons is erfgename van God, erfgename saam met Christus. Aangesien ons deel het aan sy lyding, sal ons ook deel hê aan sy heerlijkheid."

Die Grieks is nog duideliker. Paulus gebruik die Griekse voorvoegsel wat "saam met" beteken (Gr. *sun*) en hy skep as 't ware 3 nuwe woorde wat onlosmaaklik aan mekaar verbonde is: ons is *saam-*

erfgename met Christus, aangesien ons *saam-ly* met Hom, sodat ons *saam-verheerlik* sal word met Hom. Die een begrip impliseer die ander twee. As jy hoegenaamd met Christus verenig is, is al drie van jou waar. Soos daar in Engels gesê word: "It's a package deal!"

Dit het mode geword in sekere teologiese kringe om te ontken dat Christus persoonlik, histories en liggaamlik opgestaan het. Hy het bloot in die herinneringe en gemoedere van die vroeë kerk opgestaan, word gesê. Maar laat ons glashelder duidelik verstaan, as Sy opstanding denkbeeldig was, sal ook ons opstanding en verheerliking denkbeeldig wees. Maar, natuurlik, Christus het wel persoonlik, histories en liggaamlik opgestaan. En vir ons hou dit enorme ewigheids-implikasies in.

SLOT

In Kol 1 sê Paulus dat dit sy roeping is om God se Woord aan die gemeente van Christus bekend te maak. Dit, sê hy, "is die geheimenis wat eeue en geslagte lank verborge was, maar wat nou geopenbaar is aan die mense wat aan Hom behoort. God het besluit om aan hulle bekend te maak hoe seënryk en heerlik hierdie geheimenis vir die nasies is. Die inhoud daarvan is: *Christus is in julle, Hy is julle hoop op die heerlijkheid*" (Kol 1:26-27).

Hoe weet ons Christus is in ons, en ons in Hom (twee uitdrukkings wat ten diepste op dieselfde saak dui: ons lewenseenheid met Christus)? *Aan Sy Heilige Gees wat Hy vir ons gegee het!*

Hoe weet ek dat ek die Gees ontvang het? Aan Sy werk in en deur my! En hierdie werk is onmiskenbaar duidelik in die lewe van elkeen van wie dit waar is: wederbarend, verliggend, versekerend, heiligmakend, toerustend.

En so noem die Nuwe Testament die Gees dan die "*waarborg*" (2Kor 1:22; 5:5; Ef 1:14) - die waarborg dat ons die volle erfenis uiteindelik van God sal ontvang. *En aan die hart van hierdie erfenis lê ons heerlijkmaking!*